**SiVEST Environmental Division**

51 Wessel Road
PO Box 2921
Rivonia
2128 South Africa

Phone + 27 11 798 0600
Fax + 27 11 803 7272
Email info@sivest.co.za
www.sivest.co.za

Established in 1952

Your reference:

Our reference: BE Grootvlei Brandolie Opgaartenk 10937

Date: 26 September 2011

Beste Belangstellende en/of Geaffekteerde Party

**BASIESE EVALUERING (BE) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (EMPr) VIR DIE VOORGETELDE INSTALLERING VAN 'N BYKOMENDE 500M³ GROOTMAAT BRANDOLIE-OPGAARTENK BY DIE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**
**(DEA Verw.no: 12/12/20/2358 en DEA NEAS Verw.no: DEA/EIA/0000418/2011)**

- **UITNODIGING TOT DEELNAME AAN DIE BASIESE EVALUERING PROSES**

SiVEST Environmental is deur Eskom Holdings Generation as die onafhanklike omgewingskonsultante aangestel om die nodige Basiese Evalueringsproses (BE) vir die voorgestelde installering van 'n bykomende 500m$^3$ grootmaat brandolie-opgaartenk by die Grootvlei Kragstasie naby Balfour, Mpumalangaprovinsie, kragtens Artikel 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (soos gewysig), saamgelees met Artikel 24(5) van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings onder Staatskennisgewing R543 en R544 wat op 18 Junie 2010 afgekondig is, te onderneem. Die voorgestelde projek is by die Departement Omgewingsake (DEA) geregistreer onder verwysingsnommer DEA 12/12/20/2358 en NEAS verwysingsnommer DEA/EIA/0000418/2011.

Soos aangedui in die ingeslote Agtergrondinligtingsdokument (AID), word hierdie projek voorgestel vir die installering van 'n addisionele 7de grootmaat brandolie-opgaartenk met 'n kapasiteit van 500m³ wat die totale brandolie kapasiteit by die Kragstasie tot 1 060m³ sal verhoog. Die voorgestelde 7de grootmaat brandolie-opgaartenk sal naby die bestaande ses (6) tenks opgerig word. Die voorgestelde alternatiewe terreine vir die 7de grootmaat brandolie-opgaartenk is geleë binne die grense van Eskom se Grootvlei Kragstasie.

SiVEST Environmental wil u as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) uitnooi om aktief betrokke te raak by die BE en openbare deelnameproses vir hierdie voorgestelde projek. Die doel van hierdie proses is::

- om te verseker dat oorweging geskenk word aan alle tersaaklike omgewingsimpakte
- om openbare insette te verseker en om besluitnemers met voldoende inligting toe te rus om 'n ingeligte besluit oor die voorgestelde bedrywighede te neem.

Die AID, wat inligting bevat betreffende die voorgestelde projek, asook die BE en die openbare deelnameproses wat tydens die BE van die voorgestelde projek onderneem moet word, is hierby ingesluit.

Deur die meegaande Registrasie- en Kommentaarvorm in te vul en aan ons terug te besorg, sal u outomaties as 'n B&GP op die projek se databasis geregistreer word.

Ons wil u graag by voorbaat bedank vir u deelname aan die openbare deelnameproses en ons sien uit om u waardevolle kommentaar betreffende die voorgestelde projek te ontvang.

Vriendelike groete

Nicolene Venter
SNR PUBLEKE DEELNAME PRAKTISYN
**SiVEST Environmental Division**

**Incl:** Agtergrondinligtingsdokument
Registrasie- en Kommentaarvorm

**Divisional Directors** W A Pearce (Managing), J A Barnard, D B Blair, R G Kinvig, M A Nevette
**A Division of SiVEST Directors** * S D Leach (Chairman), M J Wright (Managing), *M S Hemingway, S G Joubert, H J McGlashan, M J Meikle-Braes, W A Pearce, H G D Regnaud, G R Sims, K Soni, A F Tomkins (*British)
**Offices in South Africa** Durban, Johannesburg, Ladysmith, Pietermaritzburg, Richards Bay, Somerset West

**Part of the SiVEST Group**

SiVEST SA (Pty) Ltd Registration No. 2000/006717/07 t/a SiVEST

CESA

SETA
THREE STAR
GRADING SYSTEM
Quality Management
Accredited